ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Desember 2022

# KERSWENSE

Die Direksie van die HEV wens u almal 'n geseënde Christusfees toe en vertrou dat God se seën en beskerming u sal vergesel. Soos Laurika Rauch so mooi sing in "Ek bring vir jou 'n sonneblom uit Bethlehem":

Nog 'n somerson kersfees
Want die Koningskind verjaar
Die suiderkruis my kompas
En 'n eng'lekoor ry saam.

Geniet u vakansie en as u reis, kom veilig tuis.

The Directors of the HOA wish you a blessed Christmas and that you will rejoice in the birth of Jesus. As Boney M so beautifully sings:

Oh my Lord
You sent Your son to save us
Oh my Lord
Your very self You gave us
Oh my Lord
That sin may not enslave us
And Love may reign once more

Enjoy your vacation and if you travel, come home safely

## KERSETE
## DIE EERSTE KERSETE IN DIE AAND

Op 9 Desember 2022 om **17h00-20h00 (5-8**) word die eerste kersete in die **aand** aangebied. Dit beloof om 'n wonderlike sosiale aangeleentheid te wees, met kos weer uit die boonste rakke.

Bring jou spesiale vriende; trek jou spesiale mooi klere aan- selfs die personeel gaan formeler aantrek en kom vier die afsluiting van nog 'n jaar wat jy gespaar was en wees net dankbaar.

En onthou die eintlike rede waaroor ons  Kersfees vier!

Besprekings kan by Ontvangs gedoen word, en betaling sal ook deur die normale kanale deur die kombuis gedoen word

## CHRISTMAS DINNER
## THE FIRST CHRISTMAS DINNER

On the 9th December 2022 at **17h00-20h00 (5-8)** the first Christmas **dinner** will be celebrated. It will be a wonderful social affair with a meal again to die for !

Please bring your special guests; put on your special dress--even the staff will be more formally dressed. Come and celebrate the end of another year that you were all alive and kicking. Just be thankful!!

But remember the real reason why were are celebrating Christmas.

Bookings can be done at Reception, and will also be paid for through the normal channels.

## VAN DIE VOORSITTER deel 1

Eldoraigne Aftreelandgoed word voorwaar geseën deur ons Hemelse Vader. Ons was 7 jaar oud op 1 November 2022. So baie het die afgelope jaar gebeur:

1.**Landgoedbestuur en Csi:**
Alida en haar toegewyde span lewer steeds uitstekende diens aan die landgoed met uitstekende rugsteun van die Bestuursagent, Csi.

**2.Direksie:**
Die onbaatsugtige dienslewering aan die landgoed gaan nie ongesiens verby nie. Hulle volgehoue fokus en ervaring het uitdagings met vertroue aangepak en afgehandel. Al die direkteure word hartlik bedank deur die voorsitter van die HEV.
2.1 **Finansies**: 'n Goeie standaard met uitstekende resultate het daartoe bygedra dat die HEV finansieël kerngesond is.
2.2 I**nfrastruktuur** projekte:
-Waterverbruik:Die 24/7 uurlikse vloeimeter is opgradeer wat verseker dat potensiële lekke opgespoor kan word vir onmiddellike aksie om sodoende risiko van versakkings te beperk. Na ondersoeke deur Stopleak is lekkasies in Uil- en Houtkapperstraat herstel.
-Noodwater: 5x5 000 liter watertenks is op strategiese plekke in die landgoed geplaas vir moontlike noodtoestande, maar nie vir drinkwater nie. Die landgoed het reeds in Oktober daarvan gebruik gemaak, nadat die watertoevoer na die landgoed onderbreek was.
-Houtheinings: Daar is begin met die vervanging van alle bestaande houtheinings, met duursame plastieksparre wat kostebesparend vir die landgoed sal wees. Teen einde van Desember behoort 40% van die projek afgehandel te wees.
-Elektrisiteit: Die voortdurende kragonderbrekings het 'n negatiewe invloed op inwoners gehad. Groot skade is in die landgoed veroorsaak na die reën, maar skade is ten volle deur die versekering gedek. Verskeie inwoners het sonpanele by die huise geïnstalleer, terwyl heelwat woonstelle omskakelaars (inverters) aangeskaf het
2.3 **Ontspanning en maatskaplik**: Danksy die opheffing van die Covid-19 regulasies, kon alle ontspannings-en sosiale aktiwiteite weer 'n aanvang neem. Verskeie kunstenaars het in die saal opgetree en die inwoners vermaak. Die maandelikse bsprekingsgroep se aanbiedings word wyd deur inwoners ondersteun.

## FROM THE CHAIRMAN: part 2

2.4 **Fasiliteite**: 'n Nuwe tuinkontrakteur is aangestel vanaf Augustus 2021. Hoewel daar heelwat klagtes en probleme was, wil dit voorkom asof hulle nou voldoen aan die verwagte standaarde.

2.5 **Kommunikasie**: Die Eldie nuus het reeds 72 uitgawes laat verskyn. Vorige uitgawes is te lese op die webwerf Eldoretire.co.za

2.6 **Sekuriteit en Veiligheid**: 'n Skoon ouditverslag is weereens deur Scott-Safe uitgereik op 19 Oktober 2021. Alle sekuriteitspersoneel, stelsels en uitrusting funksioneer bevredigend.

3,**Service providers**: With sustained input from residents and the perseverance of the service providers, the standard has been maintained at a high level throughout.

3.1 **Frail Care**: Despite tremendous challenges, La Vie Care continued to provide a good standard of essential support to residents and clients.

3.2 **Restaurant**: Kingdom Caterers' involvement and dedication during Covid-19, and thereafter, was remarkable. Residents are satisfied with the meals and service and are constantly supporting the kitchen by using the restaurant for sit-down meals.

**In conclusion**: We wish to extent our sincere appreciation and recognition to ALL our residents and members for your contributions, support and trust in the Board of Directors. These are certainly not easy times. Our trust rests in God that He will assist and strengthen us in these times.

**THE ROAD FORWARD**: May the coming year be full of challenges and opportunities for our Estate. Get involved in the activities! Add your experience and weight to the various portfolio's committees. Let's join hands and make our Estate even more successful.
May our Estate and all its residents continue to enjoy the blessings of our Heavenly Father in abundance.

Wilma vd Berg: Chairperson HOA: Eldoraigne Retirement Estate

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons wonderlike leefstyl landgoed. Doen navraag by Ontvangs indien u nie die Leefstylgids vanaf die eienaar ontvang het nie en raad nodig het oor enige landgoed - aangeleenthede.

76 Terry Schubotz
79 Christa en Johan Fourie
219 Dolphine v Zyl (vanaf 79
1109 Astrid Potgieter
1211 Rentia Kruger
1220 Francois Gouws

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterftes bekend van:

88 Leon Smith
159 Kootjie Cillie
1012 George Patterson
1226 Mardelyn Conradie

"Die persoon wat vergeet om dankbaar te wees, het aan die slaap geraak in die lewe"

Wees dankbaar vir die geleende tyd saam met geliefdes en dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## INSPIRASIE: LEEF SO EENVOUDIGER

Die lewe is ingewikkeld. Almal soek na meer eenvoud, veral hier in Kersfeestyd. Om dit reg te kry moet jy leer om te fokus op dit wat betekenisvol is in jou lewe en nie op beuselagtighede wat onnodige tyd en energie steel nie. Die wat eenvoudiger en meer betekenisvol leef, doen dit waarvoor hulle in die wieg gelệ is meer gedetailleerd en meer doeltreffend.
Hulle probeer nie om alles vir almal te wees nie of om alles te doen nie. Hulle sệ vir baie dinge nee sodat hulle ja kan sệ vir dit wat God van hulle vra.
Hulle dagboeke is nooit oorvol nie. Hulle is goed besig-dit wat hulle besig hou, gee hulle energie. Hulle leef hul doel hier op aarde uit. Hulle dien God volspoed met hulle talente. Hulle leef nie net rustiger en meer tevrede hier in die feestyd nie, hulle kry dit heeljaar reg.

(Stephan Joubert)



## Konsert met Tristen Mans













## Motor accident information needed

When a motor accident occurs, one is most of the time to confused to obtain the correct information from the other party. For insurance policy purposes make sure to get the relevant information. Have your own information also at hand. Keep a copy of this in the glove compartment of your vehicle.

| Vehicles | Driver | |
|---|---|---|
| | Contact nr | |
| | Email address | |
| | ID nr | |
| | Date of birth | |
| | Occupation | |
| | Drivers licence nr | |
| | Valid until | |
| | Home address | |
| | Postal address | |
| | Description of vehicle | |
| | Registration nr | |
| | Engine and VIN nr | |
| | Odometer reading | |
| | INSURANCE | |
| | Policy nr | |
| | Policy plan holder | |
| | Claim nr | |
| | Passengers in vehicle | |
| | Damage to vehicle | |

DESCRIBE THE ACCIDENT SCENE

| | |
|---|---|
| Date, time and place | |
| Speed | |
| Visibility | |
| Weather condition | |
| Road surface | |
| Width of road | |
| Accident was reported to | |

Sketch of accident

## PROTECT YOURSELF

Bankfraud is on the rising and fraudsters are always looking for ways to scam you. Here are some common scams doing the rounds and handy tips to help you keep your money safe.

**1.Phone snatching**

Be aware of your surroundings when using your phone. Fraudsters try to snatch phones when they are unlocked to get access to your personal information and apps. If your phone is lost or stolen, call your bank immediately to deactivate your banking app on your phone.
Remember:
-Blocking a lost or stolen phone with your mobile network provider, wont stop fraudsters from using your phone. They can still access apps using WiFi.
-Using a strong PIN that no one can guess for your banking app.
-Never safe your banking PIN on your phone.

**2.Call scams**

Don’t fall for calls from fraudsters posing as bank employees. They often call pretending to help reverse a debit order or stop fraud on your account. Then they trick you into doing transactions or sharing your banking information.
Remember:
-The bank will never call and ask for your card number, banking PINs or passwords.
-If you receive a call asking for your confidential banking information, end the call and call your bank fraud number or visit your nearest branch.

**3.Email and sms scams:**

Be careful of suspicious SMSs and emails that prompt you to share your passwords and PINs. Fraudsters will try to influence you to click on links that require your confidential information. By clicking these links and adding your information, you risk being scammed.
Remember:
-Never click on a link unless you are sure who it’s from.
-Never respond to texts or emails that asks for your confidential banking information-delete immediately.

(Submitted by Johan 3192)

## SONPANELE OP DIENSSENTRUM DAKKE

Die installering van sonpanele op die dienssentrum en woonstelle se dakke is deur die HEV goedgekeur tydens 'n AJV gehou op 14 Aug 2018. Die diensverskaffer( SolarAfrica) het die volle kapitale koste van die installasie gedra; die onderhoud en ook die versekering daarvan. Die aanvanklike termyn van die kontrak is 10 jaar, waarna die kontrak, onderworpe aan sekere voorwaardes , hernu kan word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die sonpanele nie enige bystandkrag tydens kragonderbrekings aan inwoners verskaf nie-ook nie aan die woonstelle nie.

Die Landgoed koop slegs op 'n maandelikse basis die sonkrag-opgewekte elektrisiteit teen 'n ooreengekome goedkoper tarief aan van SolarAfrica. Hierdie stelsel bring dus 'n kostebesparing tov die totale kragverbruik van die hele Landgoed mee, wat insluit elektriese omheining, straatligte, ligte rondom woonstelle, hysbakke, noodligte in woonstelgange, dienssentrum en interne telefoonstelsel.

## INSTALLATION OF SOLAR PANELS

The installation of solar panels on the roofs of the Service Centre and apartments has been approved by the HOA on an AGM held on 14th August 2018. The service provider (SolarAfrica)was responsible for the full capital costs of the installation, the maintenance and the insurance. The initial term of the contract is 10 years, where after it can be extended, subject to certain terms and conditions.

It is important to note that the solar panels will not provide any standby power to residents during a power failure.

The Estate purchases the electricity generated by the solar power at an agreed cheaper rate on a monthly basis from SolarAfrica. The installation of the system results in a cost saving in respect of power consumption for the estate, which includes electrical fences, street lights, security lights around service centre, emergency lights in apartment corridors, lifts, Service centre, hall, lounge and offices and internal telephone system.

## BRANDBLUSSERS

Omsendskrywe van 21 Januarie 2020 aan eienaars verwys:

Aangesien die landgoed uit hoë digtheid behuising bestaan, is dit van kardinale belang dat inwoners maatreëls tref ten einde hulle eie veiligheid te verseker en om versekeringsrisiko's te beperk in geval van brand.
Verskeie inwoners het reeds brandblussers en brandkomberse vir hulle eenhede aangekoop, maar ander is steeds daarsonder.

Daar word voorgestel dat 'n 2,5 kg brandblusser en 'n brandkombers aangekoop word vir u eenheid. Hierdie toerusting kan aangekoop word van enige hardeware winkel (Chamberlains, Builders Warehouse ens.)

Die volgende diensverskaffers kan ook gekontak word:
-Fireworx 1475 (Pty) Ltd. Tel no 086 077 7337
-Speedies Fire Extinguiser Services. Tel no 012 803 5278

## BIBLIOTEEK

Boeke word geskenk deur inwoners en dis vir gebruik deur al die inwoners. Die boeke word deur 'n inwoner, Christa ('n gesoute bibliotekaris) vrywillig gesorteer , hulle met aanwinsnommers te merk en alfabeties volgens skrywers op die rakke te pak. Engelse en Afrikaanse boeke is op verskillende rakke.
Enige inwoner mag 'n boek uitneem. Daar is 'n register waarin elkeen wat 'n boek uitneem, die naam van die boek, datum uitgeneem en adres van uitnemer aanteken. Dit is nodig om boeke op te spoor wat te lank uitbly, of deur 'n ander inwoner benodig word.

Die biblioteek bevat'n groot verskeidenheid boeke deur baie gewilde skrywers soos Deon Meyer, Elsa Joubert,James Patterson, Clive Cussler ens. Almal wil graag hierdie boeke lees, maar dis te duur om self te koop. Die waglys word soms lank, omdat inwoners nie die boeke terugbesorg nie of nie aanteken wanneer hulle dit uitneem nie.
Wanneer 'n boek teruggebring word, moet dit asb op die trollie geplaas word, en nie direk op die rak nie.


CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
Merry Christmas!
Eldoraigne Aftree Landgoed
3 slaapkamer, 2 badkamer huis, dubbel garage - R2 345 000.
2 slaapkamer, 1 badkamer woonstel, parkeer afdak - R1 295 000.
SERVICE CENTRE
Ruan Erasmus
071 481 6199 | ruan@csisales.co.za


MERRY CHRISTMAS AND HAPPY NEW YEAR
MAY YOUR HOME BE FILLED
WITH LOVE AND LAUGHTER
THIS HOLIDAY SEASON
CONTACT OUR RENTALS AGENT IN YOUR AREA
Stella Cloete
072 459 2230
stella@csiproperties.co.za
*REGISTERED WITH THE PPRA
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
011 805 6316
www.csi-euf.co.za